

## ***tippet 100***

**"White Space" is 'n term in die besigheidswêreld wat verwys na tot-nog-toe-onbenutte geleenthede. Besighede het dit nodig om te kan uitbrei, nuwe markte te ontgin en beter opbrengs te kan toon.**

**Kom ons praat oor die tot-nog-toe-onbenutte geleenthede in ons lewens: die talent wat jy nog nie afgestof het nie; die droom wat jy diep gebêre het; die uitdaging wat jy nog nie aangepak het nie. Vra die vrae: "Wat keer my?" "Hoekom nie?" "Wat as ek my droom begin leef?"**

**Nie tyd nie? Ruil iets betekenisloos vir jou droom. Bang vir die uitdaging? Begin net. Gee die eerste tree...**

**Francois Retief**

**14 Mei 2018**